Laai hierdie PDF af by www.jw.org/af

# Jakob se seuns

GENESIS HOOFSTUK 37

Kies aktiwiteite na gelang van jou kind se behoeftes en belangstellings. Bespreek die aktiwiteite as ’n gesin.



## LEES GENESIS HOOFSTUK 37

Lees dan die Bybelse prenteverhaal (aanlyn of van ’n gedrukte PDF) en bespreek die vrae aan die einde van die les.

**PROBEER DIE VOLGENDE:** Laat jou kinders ’n prent teken van die lang kleed wat Jakob vir Josef gemaak het. Vir meer inligting oor hierdie kleed en wat dit moontlik gesimboliseer het, sien die onderwerpe “Dress” en “Joseph” onder *Insight,* beskikbaar onder PUBLICATIONS > ONLINE LIBRARY by www.jw.org as dit beskikbaar is in ’n taal wat jy verstaan.*

* Julle kan luister na ’n Engelse klankdrama van hierdie verhaal met die titel “Preserving Life in Time of Famine”. Hierdie klankopname sluit ook die gebeure in wat in toekomstige prenteverhale gedek sal word. Laai dit af by www.jw.org.

## NOG AKTIWITEITE OM TE DRUK



### PRET MET PRENTE

**WAT IS VERKEERD IN HIERDIE PRENT?** Vir Jonger kinders: Laat hulle die twee dinge vind wat verkeerd is in die prent. Laat hulle dan hulle antwoorde neerskryf en die toneel inkleur. Vra hulle om te vertel wat in die prent gebeur.



### STUDIE-AKTIWITEIT

**WIE IS EK?** Vir ouer kinders: Laat hulle die leidrade lees en die name van Jakob se seuns invul.



### VERSAMEL EN LEER

**BYBELKARAKTERKAART** Lees die profiel. Vra die vrae op die kaart. Gebruik die tydlyn op hierdie kaart en die ander kaarte wat jy het en help jou kind om die Bybelkarakters in twee kategorieë te rangskik: (1) diegene wat *voor* Jesus gebore is en (2) diegene wat *ná* Jesus gebore is.

www.jw.org/af © 2013 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania